Registration no. 2012/035806/07

Hinterland SA (Edms) Beperk promosie

Fotokompetisie van Adrenalin produkte aangebied deur die volgende Hinterland handelstakke: Atterburry, Bergville, Bethal, Bethlehem, Cullinan, Dundee, Heidelberg, Heilbron, Hoopstad, Jan Kempdorp, Klerksdorp, Koppies, Kroonstad, Nelspruit, Ottosdal, Parys, Potchefstroom, Ruimsig, Theunissen, Ventersdorp, Vereeniging, Vryheid, Welkom, Winterton, Witbank.

Kompetisiereëls

1. Die kompetisie is slegs geldig by die volgende Hinterland handelstakke: Atterburry, Bergville, Bethal, Bethlehem, Cullinan, Dundee, Heidelberg, Heilbron, Hoopstad, Jan Kempdorp, Klerksdorp, Koppies, Kroonstad, Nelspruit, Ottosdal, Parys, Potchefstroom, Ruimsig, Theunissen, Ventersdorp, Vereeniging, Vryheid, Welkom, Winterton, Witbank.

2. Deelnemers moet ‘n foto by enige van die deelnemende handelstakke inhandig. Die foto moet die vis wat gevang is, saam met die Adrenalin produk, aantoon. Verder moet elke inskrywing vergesel word van ‘n kwitansie nommer van Andrenalin dips ter waarde van R100,00 (Eenhonderd Rand) of meer gemaak by enige deelnemende handelstak.

3. Deelnemers moet sy/haar kontakbesonderhede (volle name, woonadres, en kontaknommer) agterop die foto aanbring. Die foto’s sal op ‘n aangewese plek op die kennisgewingsborde in die onderskeie handelstakke ten toon gestel word.

4. Slegs een inskrywing per kwitansie nommer word toegelaat.

5. Die kompetisie is geldig vanaf 1 November 2017 tot 8 Januarie 2018. Die inskrywings sal per handelstak beoordeel word en ‘n wenner sal by elke deelnemende handelstak aangekondig word op Saterdag, 13 Januarie 2018 om 10h00. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word en moet die deelnemers seker maak dat die korrekte inligting verskaf word. Hinterland kan nie aanspreeklik gehou word indien hulle nie daarin kan slaag om die wenners te kontak nie weens verkeerde inligting of as die wenners nie na redelike pogings gekontak kan word nie. Die besluit van die beoordelaars is finaal en Hinterland sal nie in enige korrespondensie tree in die verband nie.

6. Die wenners sal persoonlik en op eie koste die prys by die deelnemende handelstak in ontvangs moet neem.

7. Pryse kan nie vir kontant geruil word nie.

8. Slegs een prys per persoon kan gewen word.

9. Alle persone mag deelneem, behalwe personeel en hul gesinne van Hinterland SA (Edms) Beperk, Afgri Beperk en Senwes Beperk asook Hinterland SA (Edms) Beperk se borge, verskaffers en/of hul reklame agentskappe.

10. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir inskrywings wat nie ontvang word nie of verlore raak.

11. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of enige verliese gely deur persone wat aan die kompetisie deelneem nie.

12. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir onakkurate, onvolledige of misleidende inligting verskaf deur die prysborge nie.

13. Hinterland aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of beserings wat voorvloei uit die gebruik van die pryse nie.

14. Hinterland is geregtig om massapos, e-pos en SMS bemarking aan alle deelnemers wat vir die kompetisie inskryf, te stuur.

15. Kompetisienommer: sen/komp0117.

16. ’n Kopie van die terme en voorwaardes is by alle deelnemende Hinterland handelstakke beskikbaar.

17. Die kompetisiedata en ander relevante inligting sal vir ’n tydperk van drie jaar bewaar word.